# Hoofstuk van die dag: Johannes 20

> *Jesus sê toe vir haar: "Moet My nie vashou nie, want Ek het nog nie na die Vader toe opgevaar nie. Maar gaan na my broers*

*toe en sê vir hulle: 'Ek vaar op na my Vader toe, wat ook julle Vader is, na my God, wat ook julle God is.'" (vers 17)*

Jesus se opstanding het nie by die leë graf geëindig nie. Hy vaar op om sy koningsheerskappy vanuit die hemel verder te volvoer, want God se plan met Jesus strek veel verder as net die dissipels in Jerusalem.

Verder: Jesus se opstanding maak ons familie. God is ons Vader, en ons is broers en susters van Jesus en van mekaar. Daarom moes Maria by die ander uitkom. Sy kon nie op haar eie in verwondering by Jesus bly nie.

Ons behoort aan mekaar. Ons is vir mekaar gegee. Jesus het tog gebid dat ons een sal wees, soos Hy en die Vader een is (Joh 17:21-22). Daarom skrei dit ten hemele dat gelowiges mekaar beskinder en uitkryt en verdag maak. Dis tog nie hoe familie met mekaar maak nie.

'n Mens wat die opgestane Here ontmoet het, dink nuut oor jouself voor die Here en in sy wêreld, en leef nuut met jou geloofsfamilie.


## Onlangse Bydraes

- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026